

9 April

Johannes 13:18-30

(Teks: 13:21)

"Jesus het hewig ontsteld geraak..."

In die woorde sien ons Christus as mens - dié Mens wat so volledig mens geword het dat Hy ook ten volle ons gewone menslike emosies beleef het. Hewig ontsteld - Hy word in sy Gees ontroer want nou moet Hy iets verskrikliks duidelik aan sy dissipels vertel. Een van die twaalf is die verraaier - die een wat Christus sou aanwys sodat Hy gevange geneem kon word. Een van hulle wat so naby aan Hom was, so lank al, het hom met 'n bietjie geld laat omkoop om verraad te pleeg teenoor sy Heiland.

Daarom is Christus ontsteld - soos 'n mens - maar tog beleef Hy dit ook weer veel dieper as 'n mens, want Hy is die Heilige God wat onderwerp sal word aan die wraaklus van onheilige mense. Dat een van die twaalf Christus verrai het, het sy lyde nog soveel dieper gemaak, wat voorgegee het dat hy alles agterlaat om Christus te volg. Dit was wel 'n dief - hy wat voorgegee het dat hy bekommerd was oor armes - en van dié geld vir homself geneem het. Tog was hy een van hulle wat by Christus gebly het!

Dief en *verraaier*, maar een van die twaalf! Is dit denkbaar? Tog moes dit so wees! So het Christus volkome gely. Vir sondaars - vir elkeen van *ons onheiliges*, en ook - diewe en verraiers wat sonder die genade van God ook niks anders kan wees nie. Net die lyding van

Christus versoen my voor God. Dus as gevolg daarvan kan ek iets anders wees as dief en verraaier - 'n dankbare kind van God.

Sing Psalm 22:1

Dr. H.A. van Dalsen (Bloemfontein-Noord)